

God se oordeel (OP269)

Romeine 2:1-16

13 September 2026

Laaskeer het ons besin oor God se toorn oor die heidene. Ons het geleer dat selfs heidene God ken vanuit God se algemene openbaring – immers is God se onsigbare eienskappe duidelik sigbaar in Sy werke waaraan hierdie heidene blootgestel is. Hulle kan God se ewige krag waarneem in die skepping rondom hulle. Boonop kan hulle iets van God se goddelike natuur waarneem in alle mense, insluitend hulleself. Immers vertoon alle mense steeds iets van God se beeld wat in hulle ingeskape is – dit word sigbaar wanneer alle mense se optrede bewys hulle het 'n innerlike besef en selfs soeke na geregtigheid. Heidene onderdruk egter hierdie kennis van God bewustelik met allerlei sinlose redenasies. God openbaar Sy toorn oor hulle deurdat hy hulle oorgee aan hulle eie begeertes en ook aan verwerplike denkwyses. Die gevolg is dat hierdie heidene skuldig word aan onbetaamlike optredes.

Vandag wil ek Rom 2:1-16 oordink. In hierdie gedeelte verskuif die fokus – dit skuif weg van die heidene en fokus op die Jode. Onthou die Jode was die Ou Testamentiese volk wat in besonder blootstelling gehad het nie net aan God se algemene openbaring nie, maar ook aan Sy spesifieke openbaring deur al die maniere waarop Hy met hulle gewerk het. Maar hierdie gedeelte fokus nie eksklusief net op die Jode nie. Ons moet onself ook hierin spieël – ons wat getuig dat ons gelowiges is. Immers het ons ook baie meer blootstelling aan God se spesifieke openbaring as die heidene waarvoor ons laasweek gepraat het.

As ons terugdink aan laasweek se bespreking, dan wil ons soos volg redeneer: Dit is darem erg wat hierdie heidene doen, is dit nie? Hulle misken God se openbaring aan hulle, hulle onderdruk dit doelbewus. Dit is erg! Die gevolg is dat God hulle oorgee aan hulle begeertes en verwerplike denkwyses. En die gevolg is dit word net erger – hulle lewens word gevul met homoseksuele en allerlei ander gruwelike praktyke, waarvan ons in Rom 1:29-31 gelees het. Dit is verskriklik erg. Kyk, as daar nou iemand is wat God se oordeel verdien, dan is dit hierdie mense! Hulle doelbewuste onderdrukking van hulle kennis van God regverdig dat hulle deur God geoordeel word. Is dit nie hoe ons ook dikwels oor die heidene wil redeneer nie?

Lees Rom 2:1. Hier is Paulus, o.l.v. die Heilige Gees, se antwoord aan ons as ons so sou redeneer. Hierdie vers is ernstig: Wie jy ook al is, d.w.s. ongeag of jy 'n Jood was wat as tydgenoot van Paulus geleef het, ongeag of jy 'n belydende Christengelowige is wat in die 21 ste eeu leef: Die waarskuwing is dieselfde: Daar is vir jou wat so oordeel, geen verontskuldiging nie! Hoekom is ons ook skuldig as ons so redeneer? Vers 1 sê: Want met die oordeel wat ons oor hierdie heidene uitspreek, veroordeel ons onself! Maar, wil jy redeneer, hoe is dit moontlik – immers verwerp ons nie God se getuienis soos hierdie mense nie? Vers 1 redeneer egter verder en sê: Ons wat so oor hierdie heidene oordeel, doen dieselfde dinge as hulle! Nou wil ons regtig kapse maak: Doen ons werklik dieselfde dinge as die heidene? Kyk weer na verse 29-31: Is ons werklik so onskuldig? Is ons nie ook maar skuldig aan hebsug, kwaad word, afgunstig wees, twisgierigheid nie? Skinder ons nie ook maar nie? Is ons nie ook maar hooghartig en grootdoenerig nie? Watter Jood was nie destyds ten minste tot 'n mate skuldig hieraan nie? Watter kerklidmaat vandag is nie ten minste tot 'n mate skuldig hieraan nie? Daarom is dit eenvoudig so: Wanneer ons meerderwaardig en hoogheilig die heidene veroordeel, is ons juis skuldig aan dieselfde oortredings as hulle. Volgens God se oordeel het ons ook gesondig. Miskien, en hopelik, is daar 'n graadverskil tussen ons en sommige heidene – maar dit beteken nie dat ons oor hulle kan oordeel, sonder dat ons nie onself ook veroordeel nie.

Wat Paulus in die res van hierdie perikoop wil onderstreep, is dat i.p.v. dat ons oor hierdie heidene oordeel, ons eerder kennis moet neem dat God die Een is wat gaan oordeel. En daar is verskeie aspekte van God se oordeel waarvan ons moet kennis neem. Ek wil drie onderwerpe rakende God se oordeel oordink: (1) Die sekerheid van God se komende oordeel, (2) Die beginsels waarvolgens God gaan oordeel, en (3) Die uitkoms van God se oordeel.

Die sekerheid van God se komende oordeel

Lees vers 2: Ons weet dat God se oordeel kom. Lees vers 3: Dink jy dat jy God se oordeel sal vryspring? Lees vers 5: Op die dag van toorn sal God se regverdig oordeel geopenbaar word. Lees vers 11: God beoordeel niemand volgens sy uiterlike nie, maar God beoordeel wel almal. Lees vers 16: Daar kom 'n dag dat God die verborge dinge van die mens sal oordeel. Herhaaldelik onderstreep Paulus, in lyn met die Heilige Gees, dat God gaan oordeel. Trouens vers 16 maak dit duidelik dat God deur Christus Jesus gaan oordeel. En, voeg vers 16 ook nog by, dit gaan op 'n spesifieke dag kom. Natuurlik verwys Paulus hier na die finale oordeel wat sal plaasvind aan die einde van die tyd, wanneer die Here Jesus gaan oordeel. Natuurlik is wat Paulus hier skryf in lyn met wat ons op soveel ander plekke in die Bybel lees. Mat 16:27 sê: "Want die Seun van die Mens gaan saam met Sy engele kom, beklee met die heerlikheid van Sy Vader, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens wat hy gedoen het." In 1 Kor 3:13 lees ons: "elkeen se werk sal duidelik word, want dié dag (dit is die oordeelsdag) sal dit aan die lig bring. Deur vuur sal dit geopenbaar word, en die vuur sal die gehalte van elkeen se werk op die proef stel." En natuurlik is daar nog verskeie ander plekke in die Bybel wat dieselfde punt onderstreep.

Die punt wat Paulus hier in Rom 2 wil onderstreep, is dat ons moet ophou om besorgd te wees daaroor dat die heidene hulle verdiende oordeel sal ontvang. Hulle sal dit ontvang – God sal oor hulle oordeel. Maar i.p.v. dat ons primêr besorgd is oor of hulle hulle oordeel sal ontvang, moet ons eerder besorgd wees oor die feit dat ons ook geoordeel gaan word. En wat meer bekommerenswaardig is, is dat ons aan dieselfde dinge skuldig is as die heidene. En boonop weet ons dat God drie maal heilig is – en ons is nie perfek heilig nie. God se oordeel kom vir seker – en ons gaan ook geoordeel word.

Die beginsels waarvolgens God gaan oordeel

Ons het nou gesien God se oordeel kom definitief. Die volgende vraag waaroor ons moet besin is wat die beginsels gaan wees waarvolgens God gaan oordeel. Ons leer vier beginsels waarvolgens God gaan optree op daardie dag:

1. **God gaan oor alle mense oordeel:** God gaan nie net oor die heidene oordeel nie – al dink ons hulle verdien werklik God se oordeel. Nee, God gaan oor alle mense oordeel. Vers 1 sê: Wie jy ook al is, sal geen verontskuldiging hê op daardie dag nie. Vers 6 sê Hy sal elkeen oordeel volgens sy dade. Vers 9 sê verdrukking en benoudheid wag vir elke mens wat aanhou kwaad doen – eerstens vir die Jood, maar ook vir die Griek. Vers 10 sê heerlikheid, eer en vrede wag vir elkeen wat die goeie doen – eerstens vir die Jood, maar ook vir die Griek. Die rede waarom telkens uitgelig word dat God se oordeel eerstens na die Jode kom, maar dan ook na die Grieke, is nie om daardeur aan te dui dat die Jode een of ander spesiale behandeling in die oordeel sal ontvang nie. Al wat onderstreep word, is dat die boodskap van God se verlossing eerste na die Jode gegaan het, en eers daarna na die Grieke. Daarom sal God se oordeel ook eerste oor die Jode gevel word, en daarna oor die Grieke – maar almal gaan geoordeel word – Jode en Grieke. Dink byvoorbeeld aan die gelykenis van die skape en die bokke wat die Here Jesus vertel het. Mat 25:32 sê spesifiek: "Al die nasies sal

voor Hom byeen gebring word, en Hy sal hulle van mekaar skei soos 'n herder die skape van die bokke skei." Daarom moet ons so huiwerig wees om oor die heidene te oordeel – want ons is op pad na dieselfde oordeel as hulle.

2. **God gaan onpartydig oordeel:** Lees vers 11. In verse 9 en 10 het Paulus geredeneer dat God se oordeel eerstens oor die Jode gevel gaan word, maar dan ook oor die Grieke. Maar God se oordeel gaan nie primêr daaroor of iemand 'n Jood of 'n Griek is nie. God se oordeel gaan nie berus op uiterlike eienskappe soos lidmaatskap van die Joodse volk of van 'n heidense volk nie. God se oordeel gaan nie gebaseer wees op herkoms, of velkleur, of geslag, of graad van rykdom, of intelligensie, of vermoëns, of sosiale klas nie. Rom 2 is nie die enigste plek waar ons dit lees nie: Hand 10:34-35, Kol 3:25, Ef 6:9 en 1 Pet 1:17 onderstreep dieselfde beginsel. God gaan nie uiterlike eienskappe gebruik as maatstaf waarvolgens Hy gaan oordeel nie – nee, so ver as wat uiterlike eienskappe ter sprake is, gaan God onpartydig oordeel.
3. **God gaan dade oordeel:** Ons moet baie deeglik kennis neem wat dit wel is wat God gaan oordeel: Hy gaan dade oordeel. Kyk weer na vers 6: "Hy sal elkeen beloon volgens sy dade". Vers 7 leer ons dat Hy die ewige lewe sal gee aan diegene wat deur volgehoue goeie werke streef na heerlikheid, eer en onsterflikheid. Geliefdes, let mooi op: die ewige lewe is net vir diegene wat volhou in goeie werke! Wat God gaan oordeel is of iemand volgehou het om in goeie werke te volhard, goeie werke wat streef na heerlikheid, eer en onsterflikheid. Het jy gehoor? Net die wat volhou in goeie werke, net hulle gaan die ewige lewe ontvang!

Vers 8 leer dieselfde deur die teenoorgestelde te onderstreep: Diegene wat uit eiesinnigheid ongehoorsaam is aan die waarheid, diegene wat gehoorsaam is aan ongeregtigheid – hulle gaan God se toorn en gramskap ontvang. Wie is gehoorsaam aan ongeregtigheid? Dit is mense wat byvoorbeeld skuldig is aan die optredes wat in Rom 1:29-31 beskryf is. Hulle gaan God se toorn en gramskap ontvang. Verse 9 en 10 onderstreep dit nog 'n keer: die wat volhou in kwaad doen, sal verdrukking en benoudheid ontvang, terwyl die wat die goeie doen, heerlikheid, eer en vrede kan verwag. Dit is duidelik: God se uitspraak in die oordeel hang af van wat ons doen!

Geliefdes, ek hoop jy voel die ongemak aan: Ons het vroeër gesê ons moet nie oor die heidene oordeel nie, want ten diepste is ons skuldig aan dieselfde ongeregtige optredes waarmee hulle besig is. En nou lees ons dat dit juis ons optredes is wat gaan bepaal wat die uitslag van God se oordeel gaan wees.

Wat dit nog meer krities maak, is dat hierdie beginsel elders in die Bybel onderstreep word. Dink weer aan die gelykenis van die skape en die bokke wat die Here Jesus self vertel het. Hoe maak die Here Jesus onderskeid tussen die skape en die bokke? Hy oordeel wat hulle gedoen het! Iemand word deur Hom as 'n skaap gereken as so 'n persoon aan Hom iets te ete gegee het toe Hy honger was, of iets te drinke gegee het toe Hy dors was, of toe hulle Hom geklee het toe Hy naak was, of enige van hierdie dade gedoen het tot voordeel van selfs die geringste broers in Sy koninkryk. Iemand is dus 'n skaap as hy goeie werke gedoen het. Netso word iemand deur Hom as 'n bok gereken as so 'n persoon nie vir Hom iets te ete gegee het toe Hy honger was, of iets te drinke gegee het toe Hy dors was, of Hom geklee het toe Hy naak was, of enige van hierdie dade gedoen het tot voordeel van iemand in Sy koninkryk nie. Iemand is dus 'n bok as hy nie goeie werke gedoen het nie! Die punt is: In die oordeel soek die Here Jesus goeie dade! Dit is die beginsel waarvolgens Hy gaan oordeel.

Op 20:13 onderstreep dit nog verder: “Die see het toe die dooies wat daarin is, teruggegee, en die dood en Hades het die dooies wat daarin is, teruggegee. Elkeen is volgens hulle dade geoordeel.”

Die Here Jesus gaan tydens die finale oordeel soek na goeie werke. Hy gaan soek vir volgehoue goeie werke. Dit is die maatstaf wat Hy gaan gebruik. En ek is nie seker ons begryp die erns van die situasie nie: Ons het eenvoudig nie hierdie volgehoue dade nie! Die heidene het dit definitief nie, maar ons ook nie.

Kan ek dit nog meer konkreet maak: Die Here Jesus gaan nie in die finale oordeel soek of daar by iemand geloof of ongeloof was nie. Nee, Hy gaan werke soek en beoordeel! En ek kan my net indink hoe julle Paulus wil beskuldig dat hy regverdigmaking deur werke propageer. Maar onthou: dit is nie net Paulus wat dit skryf nie, die Here Jesus het dit self ook geleer. Die Here Jesus gaan werke oordeel.

Ja, wil jy redeneer: Maar Paulus sê tog self in Ef 2:8-9 “Want uit genade is julle verlos, deur geloof. En juis dit kom nie uit julle self nie; dit is die gawe van God. Dit kom nie uit eie werke nie, sodat niemand op iets mag roem nie.” Hoe kan ons dan nou redeneer dat die maatstaf in die finale oordeel werke gaan wees, nie geloof nie. Dis tog duidelik ons word deur die geloof verlos, nie op grond van werke nie. Ja, dit is so – maar Ef 2:8-9 beskryf hoe ons geregverdig word. Ons moet ook Ef 2:10 lees: “Ons is immers Sy maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke wat God voorberei het, te doen, en daarvolgens te leef.” Ja, ons word deur geloof geregverdig, maar dit is maar net een stap in ons verlossing. Na ons geregverdig is, moet dit noodwendig opgevolg word met heiligmaking – ons moet noodwendig goeie werke doen, ons moet goeie werke leef! Let op: ons is geskep om goeie werke te doen! Let op: Voor die sondeval het die Here aan Adam en Eva opdragte gegee wat hulle moes doen. God soek van die begin af goeie werke. En in die finale oordeel soek God steeds goeie werke. Ja, daar is ‘n hele proses waarvolgens ons deel kan kry aan goeie werke – en dit is wat Paulus in detail gaan uitwerk in die boek Romeine. Maar, geliefdes, ons moet dit goed begryp: In die finale oordeel gaan die Here Jesus ons werke meet aan Sy standaard. En die harde realiteit is dat ons tekort skiet. Miskien skiet ons nie so ver tekort as daardie heidene in Rom 1 nie – maar ons skiet te kort! Dit is ‘n krisis!

Ek is oortuig ons val al te dikwels in die slagkat: Ons hoef maar net te glo. Dan is alles reg. Kan ek jou vra: Hoekom lees ons elke Sondag die wet van die Here as ons maar net hoef te glo? Neem ons nog die wet ernstig as dit gelees word? Hoekom vra ons dat iemand beloftes maak wanneer hy of sy by die gemeente aansluit? Hoekom moet iemand belooft hy is bereid om getug te word wanneer dit nodig mag wees, m.a.w. wanneer sy dade nie goeie dade is nie? Hoekom moet ouderlinge toesig hou oor die lewe van die gemeentelede as al wat nodig is, is om maar net te glo. Ja, presies hoe geloof en werke in mekaar pas, is ‘n saak wat Paulus nog in detail gaan beredeneer. Maar die punt hier in Rom 2 is: God gaan oordeel deur die Here Jesus. En wanneer Hy gaan oordeel, gaan Hy dade oordeel. En Hy is op soek na volgehoue goeie werke. Ja, die heidene het dit nie, maar ons het dit ook nie. Dit is ‘n krisis. En ons sal verder in Romeine moet studeer om te verstaan wat die enigste manier is waarop hierdie krisis aangespreek kan word.

4. **God gaan regverdig oordeel:** Lees vers 2. Ons lees dat God se oordeel na waarheid oor mense gaan kom – dit is die 2020 DAV. Wat beteken dit? Die NAV vertaal dit met: God sal regverdig handel wanneer Hy mense oordeel. Die NIV vertaal “God’s judgement will be based on truth”, en die ESV sê “God’s judgement will fall rightly.” Ek glo die betekenis is

duidelik: God gaan regverdig oordeel. Onthou in vers 1 is ons gewaarsku dat ons nie oor die heidene moet oordeel nie – want ons is in wese skuldig aan dieselfde dinge waaraan hulle skuldig is, daarom sal ons veroordeling van hulle onregverdig wees. Maar met God is dit heel anders: Hy weet alles – selfs wat in ons as mense se harte aangaan. Boonop het Hy onfeilbare oordeelsvermoë – daarom kan Hy wel oor die heidene en ook oor ons oordeel. En Hy kan dit regverdig doen – immers is Hy ook die Een wat definieer wat reg en wat verkeerd is.

Lees verse 12-15. Hier kry ons meer insig oor hoe God regverdig gaan oordeel. Hier word onderskeid gemaak tussen twee groepe mense: Mense wat sonder die wet is versus mense wat wel die wet het. Paulus maak hier weer die onderskeid tussen die Grieke, oftewel die mense afkomstig vanuit die heidennasies, teenoor die Jode. Die heidennasies het nie blootstelling gehad aan God se openbaring in die Ou Testament nie, en dus ook nie aan God se wet nie. Daarteenoor het die Jode wel blootstelling gehad aan God se openbaring aan hulle in al Sy handelinge met hulle in die Ou Testament. In besonder het hulle ook toegang gehad tot God se wet – dit is God se voorskrifte oor wat volgens Hom reg en verkeerd is. Laasweek het ons die onderskeid gemaak tussen heidene wat nie toegang het tot God se spesifieke openbaring in die Bybel nie, hulle het net toegang tot God se algemene openbaring in Sy werke. Daarteenoor is daar kerklidmate wat wel toegang het tot God se spesifieke openbaring in die Bybel – insluitend ook toegang tot God se wet. Die punt om raak te sien, is dat alle mense kennis van God het: Selfs die heidene het kennis van God, al het hulle nie kennis van die wet nie, maar hulle onderdruk hierdie kennis van God. Kerklidmate het baie meer kennis van God, insluitend ook van Sy wet.

Nou: In die oordeel gaan God werke oordeel. Die mense sonder die wet, het 'n baie meer beperkte kennis van God se wet, en dus van God se definisie van goeie werke. Die mense met die wet, het egter baie beter kennis van die wet, en dus van God se definisie van goeie werke. Die punt om raak te sien, is dat God oor albei groepe gaan oordeel. Maar Hy gaan regverdig oordeel. Dit sal onregverdig wees om dieselfde maatstaf vir beide groepe te gebruik. As God oor iemand gaan oordeel wat wel toegang tot die wet gehad het, gaan Hy die wet gebruik as maatstaf – so iemand het immers geweet wat God van hom of haar verwag. Maar wanneer God oor iemand gaan oordeel wat nie die wet het nie, gaan Hy 'n ander maatstaf gebruik: Vers 15 sê Hy gaan dit gebruik wat op hulle harte geskryf staan, dit waarvan hulle gewetens getuig, dit wat hulle gedagtes hulle aan herinner. Onthou, laasweek het ons geleer dat alle mense nog tot 'n mate God se beeld vertoon. Alle mense het nog 'n mate van 'n besef wat reg en verkeerd is – hoe krom en verdraaid dit ook al mag wees. God gaan daardie mate van besef wat nog in hulle harte, gewetens en gedagtes is, gebruik as maatstaf om te oordeel. Dit is in hierdie sin dat God se oordeel regverdig is: Hy hou nie iemand verantwoordelik om die wet te onderhou nie as hy nie toegang tot die wet het nie. Maar as iemand wel toegang tot die wet het, dan is dit waaraan Hy so 'n persoon sal meet.

Die tragedie is die volgende: Laasweek het ons gesien dat diegene wat net God se algemene openbaring het, en dus nie toegang tot Sy wet het nie, onderdruk doelbewus die begeerte om God te erken, en om dus meer te leer van Sy wet. Hulle is ook geneig om te onderdruk wat wel nog in hulle harte, gewetens en verstand oor gebly het. Gevolglik sal hulle ook te kort skiet in God se oordeel, selfs wanneer Hy regverdig oordeel volgens hulle beperkte blootstelling.

Iets soortgelyks is waar van diegene wat wel toegang tot God se spesiale openbaring en Sy wet het: Hulle worstel steeds om gehoorsaam te wees aan die wet. En die tragedie is elke

keer as hulle die wet hoor, word hulle verantwoordelikheid groter en God se oordeel strenger. Daarom het God 'n groter verwagting van iemand wat jarelange blootstelling het aan Sy wet, wat dalk selfs formele opleiding gehad het daarin, as van iemand wat pas tot geloof gekom het. God neem dit alles in ag wanneer Hy gaan oordeel. Maar ongelukkig skiet selfs hierdie mense steeds te kort aan God se verwagting. Hulle slaag nie daarin om vol te hou in goeie werke nie. Lees verse 4-5. Dit is die tipiese ervaring van iemand wat wel toegang het tot God se spesiale openbaring en Sy wet. Ons leer tog vanuit die Woord van God se rykdom in goedheid, verdraagsaamheid en geduld. Ons verstaan selfs dat Hy ons daardeur juis wil oproep tot bekering. Ja, en dit is genade dat daar wel bekering is. Maar ongelukkig moet ons erken hierdie bekering is steeds gebrekkig. Ongelukkig is vers 5 ook steeds van ons waar – ons is steeds hardkoppig en bekeer ons nie altyd soos wat God verwag nie. En wat is die gevolg? Ons stapel God se toorn op.

Geliefdes, die situasie lyk maar hopeloos: Die wat nie die wet het nie, skiet steeds te kort selfs al is God regverdig in Sy oordeel oor hulle. Die wat wel die wet het, word strenger geoordeel, maar hulle skiet ook steeds te kort – want hulle respons in bekering is ook nie voldoende nie. Genadiglik is daar 'n oplossing vir hierdie krisis – maar Paulus bespreek dit nie in Rom 2 nie. Ons moet eers deeglik onder die besef kom van die ganse mensdom se nood voor hy dit beskryf.

Die uitkoms van God se oordeel

Ten slotte wil ek onderstreep wat Paulus ons leer rakende die uitkoms van God se oordeel. Immers is dit so dat as God oordeel, kan daar een van twee uitkomstes wees: óf die persoon wat geoordeel word voldoen aan God se vereistes in terme van daade, óf hy skiet te kort. Ons is onder die indruk dat almal op hierdie stadium in Paulus se bespreking nog te kort skiet. Maar as ons aanvaar dat daar wel 'n manier is waarop mense wel aan God se verwagtinge in terme van daade kan voldoen, wat kan sulke mense dan verwag? En wat kan die mense wat steeds te kort skiet, verwag?

Lees vers 7. Hier beskryf Paulus wat iemand kan verwag wat wel aan God se vereistes voldoen: Hierdie vers leer dat as iemand wel volhou in goeie werke, en so 'n persoon streef na heerlikheid, eer en onsterflikheid, dan sal so 'n persoon die ewige lewe ontvang. Wat beteken dit om te streef na heerlikheid, eer en onsterflikheid? Wel, so 'n persoon wil in heerlikheid wees, hy wil deel in God se heerlikheid. Hy wil in God se teenwoordigheid wees, om Sy heerlikheid te aanskou en te beleef – en selfs daarin te deel. Hy wil nie meer in oneer wees nie – hy wil vol eer by die Here wees. Hy wil dat die Here hom sal erken as eervol genoeg om in Sy teenwoordigheid te wees. En hy wil vir ewig daar wees, hy wil vry wees van sterflikheid en die dood. Dit is hierna wat die persoon streef, en hy streef daarna deur vol te hou in goeie werke. En wat kan die persoon verwag as hy wel sou volhard in die goeie werke? Lees vers 10. Sien jy dit? Hy streef na heerlikheid, eer en onsterflikheid. Wat ontvang hy? Heerlikheid, eer en vrede. Hy ontvang waarna hy gestreef het – hy ontvang nie net onsterflikheid nie, hy ontvang ook vrede – ewige vrede met God. Dit is kosbaar, en sekerlik iets om na te strew.

Maar wat van die persoon wat nie aan God se vereistes voldoen nie – wat kan so 'n persoon in die oordeel verwag? Lees vers 8. Die persoon wat eiesinnig volhard in ongehoorsaamheid en ongeregtigheid, kan verwag om in die oordeel God se toorn en gramskap te beleef. Lees vers 9. Verdrukking en benoudheid is wat so 'n persoon kan verwag. Daar is voorwaar 'n reuse verskil in verwagting tussen diegene wat streef om aan God se standaard te voldoen, en diegene wat dit nie doen nie. Daarom is dit so sinvol om aan te hou studeer in die boek Romeine om te leer of daar nie dalk tog wel 'n wyse is waarop ons aan God se standaard kan voldoen nie.

Samevatting

God gaan oordeel. Hy gaan aan die einde van die tyd oordeel. Hy gaan deur Sy Seun oordeel wanneer Hy weer kom. Wanneer Hy gaan oordeel, gaan Hy oor alle mense oordeel. Hy gaan onpartydig oordeel – hy gaan nie op grond van uiterlikhede oordeel nie. Hy gaan wel dade oordeel – Hy gaan oordeel of die dade wat ons verrig het in lyn is met Sy verwagtinge. Hy gaan ook regverdig oordeel – Hy sal in ag neem hoeveel blootstelling ons gehad het aan Sy openbaring en wet. Niemand sal hom egter kan verontskuldig nie – immers het almal voldoende openbaring ontvang. Maar diegene wat meer blootstelling gehad het, sal strenger geoordeel word. Dit is ook belangrik om kennis te neem dat alle mense te kort skiet – behalwe natuurlik as God 'n spesiale werk doen. As ons tekort skiet, het ons net 'n verwagting van verdrukking en benoudheid. Maar, as ons wel voldoen aan God se verwagting wag die ewige lewe in heerlijkheid, eer en vrede met God.

Wat is daardie werk van God wat wel aan ons God se gunstige oordeel sal gee, sodat ons die ewige lewe in heerlijkheid, eer en in vrede met God sal ontvang? Ons het dit werklik nodig!